Oordenking
7 Oktober 2009

Jesus het saam met sondaars geëet tydens sy aardse bediening!

Goeie, konserwatiewe, godsdienstige kerkmense sien dit dikwels as hulle plig om nie te meng met mense wat as "sondaars" of ongelowiges bestempel kan word nie. Maar dit gaan dikwels eerder oor die beskerming van 'n eie lewenswyse, as wat dit gaan oor die beskerming van die eer van God.

In Markus 2:13 –17 vind ons dat die Skrifgeleerdes 'n groot probleem met Jesus het. Die probleem was dat Hy sondaars geroep het om Hom te volg en dat Hy tyd saam met hulle deurgebring het. Dit begin met die roeping van Levi as 'n dissipel van Jesus (hy is ook Mateus genoem). Hy was 'n tollenaar of te wel belasting-insamelaar vir die Romeinse verdrukker. Jesus het hom geroep om Hom te volg en Hy het by sy huis saam met hom en sy vriende 'n maaltyd geniet.

Van al die mense wat Jesus kon roep, kies Hy vir Levi. Een van die mees gehate mense in Israel. Die tollenaars het toestemming gehad om hul eie mense te besteel, omdat hulle enige ekstra belastings as dit wat Rome verwag het, vir hulleself kon hou. So het hulle die verdrukker se stelsel gebruik om hulleself ten koste van hulle eie mense te verryk. So 'n man was Levi.

Maar hier was ook 'n man wat innerlike, emosionele pyn ervaar het, bitter ongelukkig was en skuldig gevoel het oor die lewe wat hy gelei het. Jesus roep hom om Hom te volg. Hy word een van Jesus se dissipels. Wat 'n skandaal was dit nie!

En Jesus gaan verder. Hy gaan saam met Levi huis toe en geniet aandete saam met hom en sy vriende. Dit het die Skrifgeleerdes en die Fariseërs baie ontstel. Hoe kon Jesus so iets doen? Hulle ondervra Jesus se ander dissipels oor hierdie onaanvaarbare gedrag. Dit was eenvoudig nie iets wat 'n goeie, gelowige – en veral 'n onderwyser van die Woord, veronderstel was om te doen nie. Gelowiges was nie veronderstel, volgens die Joodse Bybelgeleerdes, om met sulke mense sosiaal om te gaan nie – en moes hulle glad nie as studente van die Woord aanvaar nie.

Jesus egter, spreek mense se diepste behoeftes op die enigste manier moontlik aan. Hy was die geneesheer van sondaars en Hy het geweet hulle het Hom nodig, want hulle was geestelik siek. Hulle het van hierdie nood geweet – en Jesus het daarvan geweet - en daarom was hulle in sy geselskap. Die hoogmoedige Fariseërs, egter, het nie gedink dat hulle 'n geestelike geneesheer nodig gehad het nie. Hulle het Jesus nie gevolg nie. Hulle het nie gedink dat daar enige iets verkeerd was met hulle geestelike toestand nie.
Iemand wat dink hy of sy is fiks en gesond, gaan immers nie dokter toe nie. Dit is net as jy erken dat jy siek is, dat jy na genesing soek.

Jesus red. Nie hulle wat dink dat hulle geestelik gesond is nie, maar elkeen wat die Naam van Jesus aanroep, omdat hulle weet dat hulle geestelik siek, verlore en van God geskei is.
Vandag nog geniet Jesus sy Maaltyd saam met ons en genees ons diepste seer!